# BELOFTES VAN DIE ALLERHEILIGSTE HART VAN JESUS



1. Ek sal hulle al die genade gee wat hulle vir hul lewensstaat benodig.
2. Ek sal vrede bring in hul gesin.
3. Ek sal hulle in moeilikheid vertroos.
4. In hul lewe, en veral in hul dood, sal Ek hul toevlug wees.
5. Ek sal alles seën wat hulle onderneem.
6. Sondaars sal in My Hart die bron en eindelose oseaan van barmhartigheid vind.
7. Louwarm siele sal vurig word.
8. Vurige siele sal gou groot volmaaktheid bereik.
9. Ek sal dié plekke seën waar die afbeelding van My Heilige Hart vertoon en vereer word.
10. Ek sal Priesters die krag gee om versteende harte aan te raak.
11. Almal wat dié devosie bevorder sal hul name vir ewig in My hart opgeskryf hê.
12. Ek sal die genade van finale berou skenk aan almal wat Heilige Kommunie op die Eerste Vrydag van nege opeenvolgende maande ontvang; hulle sal nie in My onguns sterf sonder om die Sakramente te ontvang nie; en in hul sterwensuur sal My Goddelike Hart hul veilige toevlug wees.

*Die beloftes is geen plaasvervanger vir die uitleef van die Gebooie, en die nakoming van 'n mens se lewenspligte, en gebed en die Sakramente nie.

© Die Oratorium Uitgewery • Infografiek